



MAJUBA BURGER ONS OOREENKOMS

INLEIDING

1. Hierdie dokument het dit ten doel om die ooreenkoms tussen myself (die enkel lid of hoof van gesin en soos hierin omskryf) en die Majuba Boerevolk Trust (hierna die "Trust") in maklike en verstaanbare terme uiteen te sit.
2. Die oogmerk van my ondersteuning van die Trust is om sorg te dra dat die Majuba Geskiedkundige Terrein (hierna "Majuba") vir ons nageslag behou mag bly.
3. Ingevolge die Trust-akte van die Trust is ek 'n begunstigde van Majuba en in wese behoort Majuba ook aan my. Om daardie rede is ek baie trots op Majuba en verstaan dat die Trust daargestel is om bloot Majuba namens my te bestuur. Die Trustees (van die Trust) kan egter nie bloot op hul eie na Majuba se finansiële behoeftes omsien nie en is dit elke begunstigde se aangename verantwoordelikheid om ook graag 'n bydrae te maak.
4. As Majuba Burger kry ek ook nou op 'n meer formele basis die geleentheid om sodanige bydrae te maak.
5. Die Trust is baie dankbaar vir my betrokkenheid en bied dan ook aan my graag sekere voordele (soos hierin omskryf) aan. Ek sal hierdie voordele wat ek as ondersteuner van die Trust ontvang dan ook benut onder die voorwaardes soos later hierin omskryf word.
6. Die bepalinge van ons ooreenkoms sal dan ook nou hierop volg:

VEREISTES OM MAJUBA BURGER TE WORD

7. Die terme en voorwaardes hierin uiteengesit is op my as ondersteuner van toepassing.
8. Slegs daardie volksgenote wat hulself met ons volk, sy waardes, geskiedenis en toekomsvisie van vryheid assosieer kan formeel as Majuba Burger toegelaat word.
9. Die beslissing of enige persoon wat aansoek doen om as Majuba Burger toegelaat te word berus by die Trust en kan sodanige status sonder die opgaaf van redes geweier word.
10. Ek moet die voorgeskrewe finansiële bydrae tot die Trust lewer om 'n Majuba Burger te mag word en te bly, alhoewel die Trust in hul eie diskresie en voorskrifte uitsonderings mag toelaat.
11. Ek sal, onderhewig aan die bepalinge hierin, 'n Majuba Burger wees vir solank as wat ek voortgaan om my finansiële bydrae te lewer en sal ek dan ook onder dieselfde omstandighede op die voordele soos omskryf geregtig wees.

AARD VAN STATUS AS MAJUBA BURGER

12. As Majuba Burger word ek nie nou lid van 'n regsentiteit nie maar word bloot aan my die formele status gegee dat ek 'n "Majuba Burger" is.
13. Dit hou egter in dat ek geken mag word as een van diegene wat die belang van Majuba op die hart dra en vir ons nageslag ook behoue wil laat bly.
14. Tensy ek anders aandui, mag die Trust my naam en van publiseer of bekend maak as synde 'n Majuba Burger wat 'n bydrae tot Majuba maak.
15. Ek verstaan dat, indien daar die behoefte onder Majuba Burgers bestaan, daar oorgegaan kan en mag word tot die stigting van 'n klub of vereniging, maar dat my finansiële bydrae nie daardeur verhoog mag word nie en dat my voordele soos ek dit nou ontvang nie daardeur verminder mag word nie.

VOORREGTE AS MAJUBA BURGER

16. As Majuba Burger en vir solank as wat ek 'n Majuba Burger is sal ek op die volgende voorregte geregtig wees:
 - 16.1 Ek en my direkte gesin (vrou en kinders, paartjie) mag elke jaar die Majuba Fees wat deur die Trust en/of 'n gasheer organisasie aangebied word gratis bywoon en sal dus nie vir enige toegangsfooie of kampeer fooie of dagfooie aanspreeklik wees nie. Die voorwaardes hieronder sal egter geld.
 - 16.2 Ek en my direkte gesin (vrou en kinders, paartjie) mag een volle midweek gedurende 'n kalenderjaar gratis op Majuba kampeer en sal nie vir enige toegangsfooie of kampeer fooie aanspreeklik wees nie. Die voorwaardes hieronder sal egter geld.

- 16.3 Ek en my direkte gesin (vrou en kinders, paartjie) mag een volle naweek gedurende 'n kalenderjaar gratis op Majuba kampeer en sal nie vir enige toegangsfooie of kampeer fooie aanspreeklik wees nie. Die voorwaardes hieronder sal egter geld.
- 16.4 Ek en my direkte gesin (vrou en kinders, paartjie) mag een dag gedurende 'n kalenderjaar gratis op Majuba as dagbesoeker betree en sal nie vir enige toegangsfooie of kampeer fooie aanspreeklik wees nie. Die voorwaardes hieronder sal egter geld.

VOORWAARDES TOT VOORREGTE: MAJUBA FEES

17. Die voorreg om gratis die Majuba Fees by te woon is slegs op die normale hekfooie van toepassing en sluit nie enige addisionele fooie wat binne die terrein vir enige deel van die program of funksie of geleentheid of aktiwiteit of produk gehef mag word in nie.
18. Die voorreg om gratis die Majuba Fees by te woon sal steeds onder die normale terme en voorwaardes van toegang soos tydens die fees op alle feesgangers van toepassing is onderhewig wees (met die uitsluiting om toegangsgelde te betaal). Ek sal met graagte ook die reëls tydens die Majuba Fees op feesgangers van toepassing nakom.
19. Vir doeleindes van die bepaling van die tydperk van gratis toegang en kampering tydens die Majuba Fees word die Vrydagaand, Saterdagagaand en Sondagaand van die betrokke naweek waarop die fees aangebied word ingesluit, maar die Donderdagaand uitgesluit. Indien ek ook die Donderdagaand of enige ander aand as die genoem rondom die Majuba feestydperk wil kampeer sal ek met graagte die kampeer fooie daarvoor betaal. Die onderskeie Vrydag, Saterdag, Sondag en Maandag (gedurende die dag) is vanselfsprekend in die gratis tydperk ingesluit.
20. My voorregte as Majuba Burger is slegs op kampering van toepassing en sal nie op enige ander vorm van verblyf deur die Trust beskikbaar gestel van toepassing wees nie. Majuba Burgers is egter geregtig op ander verblyf beskikbaar gestel (soos die woonstelle of herberg) indien daar beskikbaarheid daarvan is en teen 20% afslag op die normale fooie (alle fooie dan ingesluit).
21. Ek mag wel as dagbesoeker ook die voorregte van gratis toegang geniet, maar dan binne my toegelate tydperk daarvoor (Vrydag, Saterdag en Sondag).
22. Ek sal om toegang tot die feesterrein te kry my Majuba Burger Nommer aan die hekbeampte meld en sal ek die geleentheid gee dat dit nagegaan mag word. Ek verstaan ook dat indien my finansiële bydrae nie op datum is nie ek nie dan enige voorregte as Majuba Burger mag geniet nie. Nadat my besonderhede nagegaan is, sal ek 'n kwitansie ontvang waarop die tydperk wat ek gaan kamp asook dat ek gratis toegang verkry het aangedui word.
23. Alhoewel ek kan bespreek vir die Majuba Fees, kan die Trust nie enige staanplek, met of sonder elektriese krag, vir my waarborg nie en sal die Trust nie aanspreeklik gehou word indien enige staanplek wat ek graag wou inneem nie beskikbaar is nie. Ek verstaan en waardeer die gees van die Majuba Fees en dat kampeerdere self hul eie staanplekke kies.
24. Nieteenstaande bovermelde, mag die Trust in hul eie diskresie en volgens hul eie voorskrifte besluit dat staanplekke met elektriese krag slegs aan Majuba Burgers beskikbaar gestel sal word. Die lewering en beskikbaarheid van elektriese krag bly egter in die diskresie van die Trust.

VOORWAARDES TOT VOORREGTE: MIDWEEK KAMP EN NAWEEK KAMP

25. Ek mag verder ook 'n volle midweek asook naweek van kampering gedurende die jaar geniet, maar sluit hierdie midweek en naweek nie die week voor of na die Majuba Fees in nie. Dit is my eie verantwoordelikheid om vas te stel wanneer die Majuba Fees aangebied word sodat ek nie my gratis midweek of naweek ten tyde van die aanbied van die fees wil opneem nie.
26. Vir doeleindes van die bepaling van die tydperk van kampering van een midweek sonder die betaling van enige fooie daarvoor sal die tydperk van vier nagte en vyf dae geneem word, maar kan die betrokke gratis week van kampering deur my ter enige dag van die week begin of afgesluit word en hoef nie vanaf 'n Maandag te duur nie. Vanselfsprekend kan ek ook vir 'n korter tydperk kampeer. 'n Midweek verloop gewoonlik vanaf die Maandag tot die Vrydag maar sluit nie die Vrydagaand in nie.
27. Vir doeleindes van die bepaling van die tydperk van kampering van een naweek sonder die betaling van enige fooie daarvoor sal die tydperk van drie nagte en vier dae geneem word, maar kan ek natuurlik my naweek enige dag begin of eindig. 'n Naweek beloop vanaf Vrydagaand tot die Maandag, maar sluit nie Maandagaand in nie.
28. Anders as die tyd rondom die Majuba Fees en soos aangedui, mag ek enige midweek of naweek tydperk gedurende 'n kalenderjaar kies waarin ek en my gesin wil kampeer.
29. Om my gratis midweek of naweek anders as met die Majuba Fees op te neem moet ek ten minste een week voor die tyd daarvoor bespreek. Dit sal waardeer word indien die Trust van kansellaries in kennis gestel word.

30. Ek sal om toegang tot Majuba te kry my Majuba Burger Nommer aan die hekbeampte meld en sal ek die geleentheid gee dat dit nagegaan mag word. Ek verstaan ook dat indien my finansiële bydrae nie op datum is nie ek nie dan enige voorregte as Majuba Burger mag geniet nie. Nadat my besonderhede nagegaan is, sal ek 'n kwitansie ontvang waarop die tydperk wat ek gaan kamp asook dat ek gratis toegang verkry het aangedui word.
31. Alhoewel onderskeie staanplekke meer geredelik beskikbaar is en ek daarvoor ook mag bespreek, sal die Trust nie verplig wees om enige staanplek wel aan my beskikbaar te stel nie. Die bepalinge rondom elektriese krag soos hierbo vermeld sal ook hier van toepassing wees.
32. Die voorreg om 'n gratis midweek of naweek gedurende een jaar te mag kampeer is slegs op kampering van toepassing, maar mag ek as Majuba Burger teen 20% afslag op die normale fooi (alle fooie dan ingesluit) wel ander vorme van verblyf opneem, onderhewig daaraan dat dit beskikbaar is.
33. Die midweek en naweek beskikbaar mag op my keuse gekombineer of apart gehou word.

VOORWAARDES TOT VOORREGTE: DAGBESOEKER

34. Ek mag verdermeer ook een dag gedurende 'n kalenderjaar die terrein gratis as dagbesoeker besoek. Die normale reëls ten aansien van dagbesoekers sal op my van toepassing wees en beteken dit dat ek nie op die terrein oorslaap nie.

VOORWAARDES: ALGEMEEN

35. Ek verstaan dat my gesinslede saam met my hierdie voorregte mag geniet. My gesin is egter vir doeleindes hiervan slegs my direkte gesinslede of metgesel en nie my uitgebreide familie nie. My kleinkinders, my neef of niggie, oom of tannie en grootouers vorm dus nie deel van my direkte gesin nie.
36. Indien ek deel van 'n groter groep vorm (soos 'n skool groep) sal die groep anders as my direkte gesinslede nie deel van my gesin vorm nie.
37. As Majuba Burger sal dit ook my voorreg en plig wees om die reëls op alle besoekers van Majuba van toepassing na te kom. Die onus is op my om self navraag ten aansien van die reëls op besoekers van toepassing te doen. Dit is verkrygbaar by die hekbeampte en word om daardie rede nie hierin vervat nie.
38. Enige addisionele uitgawes vir enige addisionele produkte of dienste wat nie deel van die normale hekfooie (toegang, kampering) vorm nie is dan ook nie deel van die voorregte wat ek as Majuba Burger geniet nie.
39. Ek geniet saam met my gratis kampering ook alle ander voorregte wat enige ander besoeker onder normale omstandighede sou toekom. Ek is egter nie op enige bykomende voordele tydens my kampering geregtig wat onder normale omstandighede nie ook ander besoekers sou toekom nie.
40. Ek betaal nie enige reserveringsfooie of aansluitingsfooie nie. Ek kry nie "punte" of koop in 'n skema in nie en kan ook nie enige voordele of voorregte verkoop of aan enige derde party oordra nie. My direkte gesinslede mag wel die voordele hierin genoem namens my gebruik.
41. Ek kan nie enige voordele van die een jaar na 'n volgende jaar oordra nie en verval alle voordele vanself aan die einde van 'n kalenderjaar.
42. Ek is geregtig op die voordele hierin genoem vanaf die oomblik wat my aansluiting goedgekeur is en hoef ek nie 'n tyd lank te wag voordat dit intree nie.
43. Ek ontvang ieder en elke voordeel soos dit is en sal nie op enige verdere gunste, produkte of dienste aanspraak maak nie. Indien daar egter probleme met bestaande dienste of produkte op Majuba is of ontstaan sal die Trust die redelike poging aanwend om dit reg te stel.
44. Ek mag nie Majuba die eerste keer (by my aankoms) betree sonder dat die hekbeampte van my teenwoordigheid bewus is nie.
45. Indien ek besoekers tydens my verblyf op Majuba ontvang sal daardie besoekers of ek self die normale toegangsfooie vir hul toegang betaal.
46. As Majuba Burger onderneem ek dat ek en my gesin volgens Christelike waardes op Majuba ons verblyf sal geniet en dan ook ander kampeerdere in ag sal neem.
47. Dit spreek vanself dat ek aanspreeklik sal wees vir enige skade aan Majuba deur myself of my gesin veroorsaak.
48. Indien Majuba vanweë besoeker getalle, infrastruktuur, omstandighede buite die Trust se beheer of enige natuurverskynsels die geleentheid om die voordele hierin genoem onmoontlik of moeilik maak om te lewer, mag die Trust met kennisgewing sekere voorwaardes hierin vermeld aanpas ten einde Majuba Burgers na die beste te akkommodeer.
49. Die Trust verbind nie hulself aan enige kerk of geloofsiening of politieke party of volksorganisasie of vakbond of enige ander instelling nie en kan daar ook nie verwag word dat die Trust dit moet doen nie. Ek sal ook nie voorgee dat Majuba slegs vir my eie geloofsoortuiging of kerk of politieke party of volksorganisasie of vakbond of instelling bestaan of gereserveer is nie en sal my eie standpunte nie op ander besoekers afforseer nie. Die Trust gee graag die ruimte aan elke volksgenoot om in die vreugde van Majuba te deel, sonder dat volksgenote ontuis behoort te voel.

50. Hierdie ooreenkoms doen nie afbreuk aan die Trust se reg om toegang tot Majuba te weier nie.

KANSELLASIE EN KONTRAKBREUK

51. Te alle relevante tye hierin en met verwysing na hierdie klousule sal enige kommunikasie per kennisgewing geskied en sal kennisgewing per epos na die adresse soos aangedui plaasvind. Ons aanvaar dat elkeen enige kennisgewing 5 dae na die versending daarvan ontvang het.
52. Ek is geregtig om my status as Majuba Burger te eniger tyd per kennisgewing te kanselleer en sal enige voordele wat my mag toekom vanaf die oomblik van kansellasië nie meer vir my beskikbaar wees nie. Die onus is op my om my debietopdrag, indien enige, te kanselleer.
53. Die Trust mag ook my status as Majuba Burger per kennisgewing kanselleer en sal ek van daardie oomblik nie meer op enige voordele soos hierin genoem geregtig wees nie. Indien die Trust my status as Majuba Burger kanselleer sal die onus op my wees om ook my debietopdrag, indien enige, te kanselleer.
54. Indien ek nie my finansiële bydrae bybring nie is ek in kontrakbreuk en sal die Trust geregtig wees om my status as Majuba Burger te kanselleer. Die Trust sal egter my eers per kennisgewing aanmaan en die redelike geleentheid bied om wel my finansiële bydrae op datum te bring.
55. Die Trust sal nie enige askie of ander regsprosedure teen my vir enige agterstallige finansiële bydraes instel nie, maar as ek as Majuba Burger wil voortgaan en voordele ontvang sal ek wel agterstallige betalings op datum moet kry. In wese beteken dit dat waar betalings gestaak word en nie na aanmaning voortgaan nie sal dit bloot die einde van my en die Trust se kontraktuele verhouding, sonder enige verdere stappe, beteken.
56. Ek sal ook nie enige aksie of ander regsprosedure teen die Trust instel sou ek nie my voordele ontvang of na wense ontvang nie.
57. Indien daar 'n dispuut ten aansien van die terme hiervan ontstaan sal ek en die Trust by wyse van 'n gesprek die dispuut probeer oplos en sou dit misluk, sal die dispuut by wyse van arbitrasie opgelos word. Die partye sal die Afrikaanse Arbitrasie Genootskap versoek om kragtens hul reëls, tydperke, prosedure en voorwaardes die arbitrasie waar te neem. Dit is egter my en die Trust se bedoeling om nie in enige dispuut te verval nie en aangesien die Trust geen agterstallige finansiële bydraes en ek ook nie enige voordele sal vorder nie behoort daar nie enige dispute te ontstaan nie.
58. Indien ek egter in wesenlike breuk van die bepalinge hiervan is, sal die Trust ter enige tyd daarop geregtig wees om dan ook my status as Majuba Burger per kennisgewing te kanselleer en sal die partye geen verdere eise teen mekaar hê nie.

AGENT

59. Ek kan slegs as natuurlike persoon hierdie ooreenkoms aangaan, maar aanvaar ek dat die persoon met wie ek handel 'n behoorlik aangestelde en bevoegde agent van die Trust is.

KOMMENTAAR

60. Die Trust sal enige kommentaar of kritiek waardeer en kan dit aan die Trust by hul epos adres gestuur word. Die Trust sal dan ook daarop reageer.

PLIGTE VAN TRUST

61. Die Trust het die plig om 'n lys van Majuba Burgers asook die finansiële administrasie daarvan op datum te hou om toegang aan my soos ooreengekom te bewerkstellig.
62. Die Trust het anders as die pligte op die Trust hierin genoem nie enige ander pligte kragtens hierdie ooreenkoms nie maar mag versoek word om wel sekere pligte te aanvaar.

HELE OOREENKOMS

63. Ek aanvaar dat hierdie ooreenkoms die geheel van die ooreenkoms tussen my en die Trust is en dat geen ander ooreenkoms sal geld tensy spesifiek sodanig met die Trust ooreengekom is nie.

As bevestiging vir voormelde onderteken ek dan ook vandag die _____ dag van _____

20_____ en te _____ hiermee Ons Ooreenkoms:

Majuba Burger Handtekening

Majuba Burger Naam in Drukskrif